Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 27 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ʼn Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ʼn kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ʼn streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ʼn motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.

6. Indien die kandidaat woorde uit ʼn **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

13. As ʼn spelfout die betekenis van ʼn antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 Vier (4) (1)

1.1.2 Sondag (1)

1.1.3 Charles Dickens (1)

1.1.4 Jane (Steward) (1)

1.2 Daar is sprake van goud, (maar dis nie noodwendig waar nie).
(*Of soortgelyk)* (1)

1.3 Saul het gehoop dat die goud 'n beter lewe vir die houtkappers sal voorsien, maar hy was ook bang vir die skade wat dit aan die bos kan rig. (2)

1.4 1.4.1 C / Saul word deur sy pa as 'n opstandeling gesien. (1)

1.4.2 D / Jozef beskuldig Saul dat hy 'n verraaier is. (1)

1.4.3 E / Joram weier om verder saam met Saul te werk. (1)

1.4.4 A / Saul besef die bosmense lewe én glo 'n leuen. (1)

1.5 nie vertrou nie (1)

1.6 Hy het gedink Saul verstaan nie Engels nie, so hulle het voor Saul gepraat oor hoe hulle die bosmense met die houtkopery verneuk.
Hy het vir Saul saam met Patterson bos toe gestuur en gesê dat Patterson voëls bestudeer.
Hy het nie geweet dat Saul self eendag sou delf en ryk raak nie.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

1.7 C / paaiekontrakteur (1)

1.8 Saul het geglo dat die goud aan die bosmense behoort, so hy wou graag hê dat oom Wiljam-hulle eerste moes begin delf het.
Hy wou die bosmense help, ten spyte van hul houding teenoor hom.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.9 Ja, hulle was eerste in die bos.

**OF**

Nee, die goud is daar vir enigeen om te delf. (1)

1.10 Nee, hy was wreed met Saul / hy het nie vir Saul in geld betaal nie / hy het geld afgetrek omdat Saul na die see gekyk het / hy het min kos vir Saul gegee / hy het vir Saul in 'n skuur laat slaap / hy het vir Saul belet om in sy vrye tyd die biblioteek te besoek / hy trek geld van Saul af vir sy pa se skuld.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.11
- Toe Saul en Kate by sy skerm was.
- Toe hy alleen siek by sy skerm was.
- Toe Saul met Patterson in die Bos was.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

1.12 1.12.1 van Saul se rigting (1)

1.12.2 Die wind kan hulle reuk na die olifante neem.
*(Of soortgelyk)* (1)

1.12.3 Ja, dit is moontlik, want diere het soms ’n spesiale aanvoeling teenoor mense. (1)

1.13 C / Vir Harrison gesê hulle kap onwettig hout. (1)

1.14 Bosmense glo dat jy die olifante roep as jy die woord olifant noem.
(Of soortgelyk) (1)

1.15 Hy het vir Jozef en Terblanche op ’n dwaalspoor gelei, weg van Oupoot af.
Hy het vir Saul op die Pictor gaan haal.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

1.16 Saul wou vir Oupoot die vernedering van Freek Terblanche se geweer spaar. (1)

1.17 Alhoewel Maska, Saul en Jozef vir Oupoot agtervolg het, was dit uiteindelik delwers wat vir Oupoot geskiet het.
*(Of soortgelyk – daar moet twee kante van die ironie genoem word.)* (2)

1.18
- Saul leen Maska se geweer om Oupoot te skiet. (1)
- Martiens het Saul vrygestel van Arend se dood. (1)
- Ou Sanna bly nog op groot Eiland en Saul het haar twee goue muntstukke gegee. (1)
- Kate vertel Saul dat sy ’n stuk erf gekoop het, maar sy het nie geld om dit te betaal nie. (1)

1.19 Toe Saul gesukkel het om die bome uit te sleep, het Jozef die leisels by hom oorgeneem.
*(Of soortgelyk)* (1)

1.20 Ja, Jozef het Saul se werk aanvaar.
*(Of soortgelyk)* (1)

**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

2.1 2.1.1 Eerste persoonsverteller / Ek-verteller (1)

2.1.2 Hanna is besig om 'n roman te skryf./ Sy praat met die denkbeeldige lesers van die boek (wat sy besig is om te skryf).
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.1.3 Fabienne (1)

2.1.4 Eksentrieke / buitengewone (1)

2.2 **Hanna** het 'n homoseksuele pa.
**Tibo** is deur kunsmatige inseminasie voortgebring. (2)

2.3 D / sy nie vir haar gesin lief is nie. (1)

2.4 2.4.1 Ja, want sy het nie normale grootwordjare gehad nie.
Sy het nie 'n normale ma en pa wat getroud was soos haar ander vriende s'n nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

2.4.2 Lekker kos / ontwerpersklere / partytjies / streng dissipline
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

2.5 Ja, hy ontwerp klere, wou dalk in 'n groot stad werk.
Hy reis dalk baie na sy klante toe.

**OF**

Nee. Daar is geen rede waarom ouers nie betrokke by hul kinders kan wees nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

2.6 2.6.1 Mana, want hulle is albei kunstenaars op 'n manier.

**OF**

Gavin, want hy hou van literatuur (gedigte) en sy skryf boeke. Hulle deel dieselfde belangstelling in skryfwerk.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.6.2 Nee, sy sou graag net haar eie persoon wou wees.

**OF**

Ja, sy hou nogal van Beyers.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.7 wang (1)

2.8 2.8.1 D / ’n Jong persoon raak ’n beroemde skrywer. (1)

2.8.2 E / Margot het ’n gesonde liggaam. (1)

2.8.3 B / Die familie kan op die berg wittebrood hou. (1)

2.8.4 C / Hanna se halfbroers sien hulle ma na ’n jaar. (1)

2.9
- Pampoen en Patat het verdwyn. (1)
- Die familie stap elke oggend vroeg in die berge. (1)
- Sharon vertel vir Hanna van haar ouma in die Karoo. (1)
- Hanna kry ’n boek van Beyers vir haar verjaarsdag. (1)

2.10 B / sy geamuseerd is dat Gavin en Margot stry. (1)

2.11 Hulle albei tree soos divas op, maar hulle het as doodgewone mense grootgeraak.

**OF**

Gavin is ’n man, so dis ironies dat Hanna na hom as ’n koningin verwys.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (2)

2.12 Sy het ’n belangrike afspraak die Maandag./ Hulle begin Maandag om ’n film te skiet. (1)

2.13
- Sy was vol fiemies, bv. het baie kosse nie geëet nie.
- Sy sou stuipe kry as sy hoor sy kan nie haar haardroër gebruik nie.
- Sy het nooit in die huis gehelp nie.
- Die kinders en Beyers het gedink sy sal nie van die ou huis hou nie.
- Sy gedra haar soos ’n aktrise van Amerika.
- Beyers verwys na Margot as koningin Margot.
- Beyers sê Margot is ’n ‘glamour queen’.
- Margot sal bang wees om haar naels te breek.

*(Enige DRIE of soortgelyk)* (3)

2.14 Hy voel sy ma het hom in die steek gelaat deur Hollywood toe te gaan.

**OF**

Yann is ouer en voel kwaad vir sy ma dat sy hulle verlaat het.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.15 jaloers (1)

2.16
- Margot het gehelp om Mana en Beyers se babadogter in die wêreld te bring.
- Sy het selfs haar lang naels gesny.
- Sy het later aangepas en was deel van aktiwiteite.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

2.17 Haar alter ego (wat sy self geskep het), in haar boek se naam is ook Fabienne. (1)

2.18 Hy was ’n goeie mens en kon lekker partytjie hou.
Hy kon altyd die positiewe in mense / ’n situasie sien.
Sy het besef dat hy haar altyd liefgehad het.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

2.19 ’n Mens moet jou omstandighede aanvaar. / Wees lief vir die mense in jou lewe. / Moenie skaam wees vir jou familie nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 3 / drie (1)

3.1.2 Voëls / kusvoëls (1)

3.1.3 Silkwood kliniek (1)

3.1.4 selfmoord (1)

3.2 bekommerd (1)

3.3 Hy moes iemand/dokter/boot uitstuur om hulle te kom help. (1)

3.4
- Elsabet het geval en haar kop teen ’n klip gestamp.
- Sy het ook geboorte geskenk aan haar babadogtertjie.
- Haar baba het gesterwe.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.5 Sy het haar doodgebloei nadat sy geboorte geskenk het. (1)

3.6 3.6.1 D / Het aanvanklik gedink Ryna is ’n man. (1)

3.6.2 E / Het van werk verander om naby Ryna te wees (1)

3.6.3 A / Kon identifiseer met Ryna se pyn en het ’n boom geplant sodat die pyn daarin kan groei. (1)

3.6.4 C / Het vir Ryna laat voel dat iemand haar nodig het. (1)

3.7 B / hy wou nie hê sy moes op Salamanderbaai bly om daar geboorte te gee nie. (1)

3.8 Almal het besef dat dit ’n ingryping/antwoord van God is.
*(Of soortgelyk)* (1)

3.9 Hulle sou die babas omruil. / Kinnie se baba vir Elsabet gee.
Hulle sou nooit vir Elsabet sê dat haar baba gesterf het nie.
*(Of soortgelyk)* (2)

3.10 Wanneer jou geloof groot is, antwoord God.
*(Of soortgelyk)* (1)

3.11
- Sheila pleeg selfmoord. (1)
- Ryna ontdek vir Janka in Jannerik se kamer. (1)
- Elsabet se baba sterf by geboorte. (1)
- Ousanna gaan bly by Doreen-hulle. (1)

3.12 Ja, hulle moes lojaal teenoor Jacob gewees het.

**OF**

Nee, hulle kan kies vir wie hulle wil ondersteun / mee bevriend is.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.13
- Hy het die meeste mense by die troue gehad.
- Hy het die verkiesing gewen.
- Hy het baie besighede daar besit.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.14 Sy was nie gelukkig dat haar man haar met ander vroue verneuk het nie. (1)

3.15 C / sy gehelp het om Janka groot te maak. (1)

3.16 **Sheila**: Hy het dronk bestuur en haar in ’n rolstoel laat beland.

**Elsabet**: Hy het vir haar gesê van Fred se buite-egtelike verhouding met Jackie Stevens en daarom het Elsabet selfmoord gepleeg.
(*Of soortgelyk*) (2)

3.17 Matthys (1)

3.18 Ja, sy werk baie hard / sy is ’n goeie onderwyser / sy het haarself verbeter deur verder te gaan studeer.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.19
- Ouers is onvoorwaardelik lief vir hulle kinders.
- Hermanus het altyd probeer om vir Skalla te help, al was hy ook hoe sleg.
- Hermanus het vir Fred tereggewys toe hy met Elsabet (wat toe nog getroud was) ’n verhouding gehad het.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.20 Ja, want sy wou nie Elsabet se dag bederf het nie.

**OF**

Nee, Elsabet moet weet hoe seer sy vir Jacob gemaak het.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.21
- Hy het aangebied om vir Jacob se prokureur te betaal, nadat Skalla vir Janka geskiet het.
- Hy het ook vir Janka in die hospitaal besoek.

*(Of soortgelyk)* (2)
**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

4.1 4.1.1 Lewensoriëntering / LO (1)

4.1.2 Beroepe / toekomsplanne (1)

4.1.3 pa (1)

4.1.4 oorsee (1)

4.2
- Lien se pa is in die tronk oor bedrog.
- Lien het besef sy hou van drama / toneelspel.
- Hulle het al hulle geld verloor. / Hulle het nie geld nie.
- Sy wil net wegvlug van haar omstandighede af.
- Sy moet haar broer versorg.
- Haar ma verloor haar werk.
- Lien is kwaad vir haar pa en daarom wil sy nie meer prokureur word nie.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.3 Ja, sy het hulle nie geken nie, maar oordeel hulle./ Sy het gedink hulle gaan haar verwerp as hulle van haar pa uitvind./ Sy het stories oor hulle gehoor en geglo./ Sy hou nie van hoe Sally haarself gedra nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.4 C / Hein (1)

4.5 Wimpy (1)

4.6 Lien is skaam vir haar huislike omstandighede, bv. haar ma wat drink / haar pa wat in die tronk is.
Sy is ook skaam hoe hulle huis lyk, bv. die rusbanke wat al beter dae geken het.
Lien wou nie vriende maak nie, want sy is teruggetrokke.
*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.7 Miemie het dun hare / dra ’n bril met dik lense / sy is maer.
(Of soortgelyk) (1)

4.8 Hein se pa wil hê hy moet ’n prokureur word, maar hy wil konstruksiewerk doen. (1)

4.9 Nee, ouers moet die kinders hulle vrye wil en keuses toelaat.

**OF**

Ja, ouers weet wat die beste vir hulle kinders is.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.10 4.10.1 D / Sally vertel van haar pa wat dagga rook. (1)

4.10.2 A / Lien en Wouter het ’n argument. (1)

4.10.3 E / Lien lyk soos ’n prostituut / Julia Roberts. (1)

4.10.4 B / Lien kry werk by die haarkappersalon. (1)

4.11
- Lien bedank by Tant Malie se Tuin. (1)
- Lien kry vir Braam ’n borgskap by Dirkie en Donovan. (1)
- Wouter bestuur Christien se kar van die skool af, huis toe. (1)
- Sue-Ellen keer terug Millennium Creations toe, na haar kraamverlof. (1)

4.12 4.12.1 In die parkeerterrein/onder die akasiaboom. (Of soortgelyk) (1)

4.12.2 in die rolbalklub se tuin gewerk. (1)

4.12.3 Hy werk ’n paar dae per week daar om vir sy akkomodasie te betaal. (1)

4.13 C / lojale (1)

4.14 Dit was eers Johnny se staanplek wat Lien oorgeneem het, nou mag hy nie daar staan nie.

**OF**

Roos gesels nie met Lien nie, maar sy staan vir haar op!
*(Enige EEN of soortgelyk)* (2)

4.15 **Tibbey** het gesê sy moet die mense in die oë kyk/ asseblief en dankie sê as hulle iets gegee het.
**Roos** het gesê sy moet regte skoene kry / haar bord was te skoon en netjies.
*(Of soortgelyk)* (2)

4.16 4.16.1 Hitte / uitlaatgasse / mense wat staar en beledigend teenoor haar is / mense wat haar moontlik as prostituut kan sien / lang ure op haar voete staan.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.16.2 As jy 'n visie het, moet jy deurdruk en nie die maklike pad kies nie. *(Of soortgelyk)* (1)

4.17
- Hulle het by tannie Bets partytjie gehou.
- Wouter het iets vir haar fonds gebring.
- Miemie het vir haar 'n CD gebring / geskenk gegee.
- Hulle het Woolies-sap gedrink.
- Haar ma was vir die eerste keer uit die kliniek.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.18
- Tibbey het haar geleer hoe om te bedel.
- Hein het gehelp om Tibbey se karretjie te maak.
- Tannie Bets het altyd vir hulle kos gemaak / vir Lien werk gekry.
- Juffrou Breytenbach het gesien Lien het potensiaal.
- Wouter was 'n baie goeie vriend vir haar.
- Miemie het ook 'n goeie vriendin van Lien geword.
- Dirkie het haar gehelp met Tibbey toe hy in die hospitaal was / geleentheid huis toe gegee na werk.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.19 klavieronderwyseres (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 Herschel / Ciskei / tuislande (*Of soortgelyk*) (1)

5.1.2 fabriek (1)

5.1.3 afgebrand (1)

5.1.4 mans (1)

5.2 Hy moes ’n permit kry sodat hy in die stad kon bly.
Die regering wou alle swartmense sover as moontlik uit die stad hou. (2)

5.3 D / Elsiesrivier (1)

5.4 Sy is gelowig. / Sy het ’n goeie, opregte hart teenoor mense. / Sy wil altyd die beste vir haar mense hê. / Sy is godsdienstig.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.5 5.5.1 E / Poppie se legger is “Under Investigation” (1)

5.5.2 A / Mama kry elke 6 maande, daarna elke jaar extention. (1)

5.5.3 B / Poppie en Stone betaal Damage geld. (1)

5.5.4 C / Stone kry ’n naweek uit die hospitaal af. (1)

5.6 Sy kontrakwerk het hom siek gemaak / in die hospitaal laat beland / later laat sterf. Hy het lang ure gewerk.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.7 jaloers (1)

5.8 Dit wys vir ons hoe swaar Poppie kry / hoe hard sy werk / hoe moeg sy is / dat sy nie eens tyd vir haarself/eet/rus het nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.9
- Hulle het min tyd met mekaar spandeer.
- Poppie wou nie hê Stone moes kontrak teken nie.
- Hulle omstandighede was moeilik. (voorbeelde kan gegee word)
- Stone het siek geraak.
  *(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.10 Ek sal hom vra om eers met my te praat voor hy finaal besluite neem.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.11 Ja, want die kind sal huil.

**OF**

Nee, sy moet eerlik met die kind wees.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.12 Poppie kry inslaapwerk in Constansia. (1)
Stone kry werk in Phillipi. (1)
Poppie vertrek Mdantsane toe. (1)
Mevrou Swanepoel help Poppie met haar pasboekie. (1)

5.13 Jakkie het die kinders gehelp om sy oom Plank te slaan toe hy dronk was.
Jakkie het ’n speurder geskiet.
Jakkie het vir Bonsile / sy familie in die tronk laat beland.
*(Of soortgelyk)* (3)

5.14 5.14.1 blameer (1)

5.14.2 Sy kon nie permit/extention/pas kry om in die Kaap te werk nie.
Sy moes lang ure werk / ver werk / kon nooit haar kinders grootmaak nie.
Sy moes uiteindelik die Kaap verlaat om in Mdantsane te gaan bly.
Toe sterf haar man en sy moes weer in die Kaap gaan werk.
Sy moes haar kinders by haar skoonmense los.
Sy kon nooit haar gesin almal bymekaar hê nie.
(*Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

5.14.3 Sisi (1)

5.15 B / week (1)

5.16 Hulle het ’n veldtog teen drankmisbruik geloods, maar nou drink hulle self!

**OF**

Hulle het grootmense geslaan wat dronk was, maar nou drink hulle.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.17 Ek sou dalk ook die drank van die grootmense afgeneem het, maar dit nie self gedrink het nie.
*(Of soortgelyk)* (1)

5.18 Ja, want die nylons verteenwoordig die wet. / Die paswette was verkeerd.

**OF**

Nee, geweld is eenvoudig verkeerd.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.19 5.19.1 Die regering / apartheidswette / groepsgebiedewet
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.19.2 Ja, 'n mens moet teen die apartheidswette in opstand kom.

**OF**

Nee, ek glo nie in die geweld/kriminele optrede nie
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**[35]**

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

6.1 6.1.1 Huweliks (1)

6.1.2 aparte / enkel (1)

6.1.3 2 / twee (1)

6.1.4 mans / verhoudings (1)

6.2
- Hulle het gesê die McDonalds is duiwelsaanbidders / toor / doen duiwelskuns.
- Hulle voer die afgode.
- Willempie se tong is uitgesny.
- Frans hou van Katrien.

(*Enige DRIE of soortgelyk)* (3)

6.3 Sy het oorbelle en poeier gekoop. (1)

6.4 toevallig (1)

6.5 6.5.1 D / Knyp Emma se boud. (1)

6.5.2 E / Jaag Manuel uit die kerk. (1)

6.5.3 A / Gooi die jagmes in 'n groot houtkrat. (1)

6.5.4 B / Skiet vir Manuel. (1)

6.6 B / 30 jaar (1)

6.7 Hy het weggehardloop. (1)

6.8 6.8.1 Hendrik moet ophou raas. (1)

6.8.2 Nee, hy baklei dan nog steeds met Katrien. (1)

6.9 Nee, hy is die broodwinner en sy moet hom respekteer.

**OF**

Ja, hy het hulle laat swaarkry oor sy gebrek aan ambisie.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.10
- Willem neem Hendrik-hulle na die skuur. (1)
- Dominee waarsku Hendrik en Katrien teen duiwelsaanbidding. (1)
- Manuel gee sy konsertina vir Willem. (1)
- Die dorpsmense verneder die McDonalds by die Volstruisdans. (1)

6.11 6.11.1 Sy verwys na die koeëls/kruit wat dalk in Manuel se liggaam kan wees. (1)

6.11.2 ’n paar skote (1)

6.11.3 Hulle het by die dorpenaars gestaan. *(Of soortgelyk)* (1)

6.11.4 Sleg/kwaad/teleurgesteld *(Of soortgelyk)* (1)

6.12 Manuel het agtergebly toe die sirkus vertrek het.
Hy het in die skuur gebly.
Hy het net met Willem vriende gemaak.
Net Willem het van hom geweet./ Willem het hom geheim gehou.
Willem het gemaak asof hy hase voer toe hy vir Manuel kos geneem het.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.13 Willem het weer gepraat.
Die gesin het beter gekommunikeer en nader aan mekaar beweeg.
Emma het weer klavier gespeel.
(Enige TWEE Of soortgelyk) (2)

6.14 D / eenvoudige, gewone mense is. (1)

6.15 Ja, sy gesin was nie gelukkig op Toorwater nie. / Die stasie is klein met geen vooruitgang.

**OF**

Nee, dis sy besluit waar hy wil bly.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.16 6.16.1 klavier (1)

6.16.2 Sy het makliker vriende met Nollie gemaak. (*Of soortgelyk*) (1)

6.17 Hendrik wou hê dat hulle alles moet vergeet en net aangaan asof niks gebeur het nie. / Emma het gesê dat hulle moet praat al is dit hoe moeilik.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.18
- Jongmense het soms meer wysheid as volwassenes.
- Moenie bang wees om ouer mense te konfronteer nie.
- Praat as iets jou pla.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee***

7.1 7.1.1 Pleit / soebat / smeek (1)

7.1.2 Drie / 3 (1)

7.1.3 deur (1)

7.1.4 Here (1)

7.2 7.2.1
- Petrus Zondag was by die see.
- Daar was nog nie 'n magistraat nie.
- Die veldkornet was Dugas toe/agter skaapdiewe aan.
- Die tweede keer was die veldkornet begrafnis toe.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

7.2.2 Daar is niks meer wat Fiela kon doen nie; sy het alles in haar vermoë gedoen om die owerhede te laat weet.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.3 C / 'n klein seuntjie nie so ver kan loop nie. (1)

7.4 dasvelkombers (1)

7.5 Elias is rassisties. / Hy hou nie van bruinmense nie. / Hy kyk neer op bruinmense.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.6 Ja, sy kon deur die magistraat gevang word. / Elias kon haar seergemaak het. / Sy kon deur 'n olifant vertrap word.
*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee, sy was bereid om enigiets te doen om haar kind te sien.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.7 7.7.1 C / ongeliefd (1)

7.7.2 A / geliefd (1)

7.7.3 E / opgewonde (1)

7.7.4 B / senuweeagtig (1)

7.8 Lyfstraf/ Elias sou die 'bruingeid' uit hom slaan.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.9 Ja. Kommunikeer/praat met iemand om gedrag te verander.
(*Of soortgelyk)* (1)

7.10
- Benjamin loop uit die bos weg. (1)
- Elias sny Nina se hare met ’n stomp skêr. (1)
- Nina loop uit die dorp weg. (1)
- Benjamin soek die spookskip by Noetsie. (1)

7.11 7.11.1 Wat jy dink is jy./ As jy verstandelik/geestelik sterk is, is jy ook emosioneel sterk./ As jy nie jou kop/moed verloor nie, sal jy ook nie jou hart verloor nie.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.11.2 Ja, sy mag nie toelaat dat die dorpsmense haar onderkry nie.
Ja, sy is nie gewoond aan die dorpsmense nie en mag skrikkerig wees.
Ja, sy moet sterk wees en haar man kan staan.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.12 Ja, die dorpsmense was snaaks met die bosmense./ Dit was ’n nuwe ondervinding vir Nina.

**OF**

Nee, dis altyd goed om nuwe dinge te probeer.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.13
- Benjamin was forseer om te aanvaar dat hy ’n Van Rooyen is.
- Hy is nou baie ouer as wat hy was toe hy by Fiela was.
- Nina het nie geglo dat Fiela sy ma was nie.
- Benjamin ervaar ’n identiteitskrisis.
(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

7.14 7.14.1 Nina kry swaar en word mishandel in die Bos, maar sy is nog steeds lief vir die Bos.
*(Of soortgelyk)* (2)

7.14.2 Sy sal soos ’n dame moet praat/loop/sit/optree.
*(Of soortgelyk)* (1)

7.14.3 Hy sê die boswagter se seun sal dalk daar wees. (1)

7.15 C / kos, klere en vier sjielings per week. (1)

7.16 Lukas (1)

7.17 Buitestaanders sal mekaar vind/help/bystaan. / Daar is 'n plekkie vir almal in die lewe.
(*Of soortgelyk*) (1)

7.18 7.18.1 Dit het haar siek gemaak. (1)

7.18.2 Leuens maak jou siek. / Jou gewete sal jou pla.
Praat altyd die waarheid.
*(Of soortgelyk)* (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "KOM ONS STUUR VIR TASU" – M. Maartens

8.1.1 (a) Dertien (13) (1)

(b) Perdeberg (1)

(c) kruie (1)

(d) ma (1)

8.1.2
- **Sy pa** se motor se remme en bande is stukkend.
- **Sterkman** is in matriek.
- **Evelina** is nog te jonk en sonder verstand. (3)

8.1.3 (a) D / Daar is nou geld om vir oom Jollyman se taxi te betaal. (1)

(b) C / Ouma kan snags nie slaap van die pyn nie. (1)

(c) A / Tasu het 57 bottels vol tieroogklippe. (1)

(d) B / Ouma se brief is nat op die kombuistafel. (1)

8.1.4 senuweeagtig (1)

8.1.5 D / was in 'n taxi-ongeluk op vyfjarige ouderdom. (1)

8.1.6
- Hy het planne gemaak om geld te kry om na sy ouma toe te kan gaan.
- Hy het voorgestel dat hulle geld leen om sy ouma te help.
- Hy het voorgestel dat hulle eiers verkoop.
- Hy het self sy bottels tieroë verkoop.
- Hy het 'n groot opoffering vir sy ouma gedoen.
- Hy het in 'n taxi vol mense gery alhoewel hy senuweeagtig was.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

8.1.7 Ja, want hy was bereid om sy tieroë bottels op te offer vir sy ouma se welstand.

**OF**

Ja, hy was bereid om sy vrese vir 'n taxi te oorkom.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

8.1.8 'n Mens kan nie die verlede met jou saamdra nie. *(Of soortgelyk)* (1)

8.1.9 'n Mens moet vir jou medemens omgee. *(Of soortgelyk)* (1)

**EN**

8.2 **“’n HULPELOSE SAMARITAAN” – T.T. Cloete**

8.2.1
- ’n Groot swart motor ry ’n dronk fietser raak. (1)
- Die dronk fietser word lelik gevloek. (1)
- Hans ry stadig sodat sy honde agter sy kar kan hardloop. (1)
- ’n Boer eis vergoeding van Hans. (1)

8.2.2 Hy voel dat hy die regte, goeie keuse gemaak het. *(Of soortgelyk)* (1)

8.2.3 Hy het homself met die bottel getroos.
Hy is oud en arm. (2)

8.2.4 A / skape (1)

8.2.5 (a) manipulasie (1)

(b) Hy het gesinspeel dat Hans se honde belangriker as ’n mens se lewe is.
Hy sê hy is oud en arm.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

8.2.6 Hy het sy honde verloor, want hulle is doodgeskiet.
Hy het ook geld verloor, want hy moes die boer vir sy verlies vergoed.
*(Of soortgelyk)* (2)

8.2.7 **Die boer** was genadeloos, hard, geldgierig. (1)
**Hans** was barmhartig. (1)
*(Of soortgelyk)*

8.2.8 Ja, hy het alles in sy vermoë gedoen om die ou man te help.
*(Of soortgelyk*) (1)

8.2.9 Honde, want hulle is getrou aan ’n mens.

**OF**

Vreemdeling, want mense is belangriker as diere.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

8.2.10 Die ou man, want dis lekker om mense te kry om te doen wat jy wil hê.

**OF**

Hans, dis ŉ goeie ding om mense te wil help.

**OF**

Die boer, want ek glo in ŉ oog vir ŉ oog.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 KEN JY DIE SEE – UYS KRIGE

9.1.1 Visserman (1)

9.1.2 (a) Wind, golwe, storms
*(Enige TWEE)* (2)

(b) Ja, die see is onvoorspelbaar en toestande kan vinnig verander.

**OF**

Nee, 'n mens moet jou net reg voorberei vir die see.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.1.3 (a) geskok (1)

(b) Ja, vis kan baie duur wees as mens nie ryk is nie/ nie baie geld het nie.

**OF**

Nee, vissermanne betaal soms met hulle lewens daarvoor.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.1.4 (a) voorstoep (1)

(b) soet (1)

(c) lank / dae (1)

(d) bries (1)

9.1.5 (a) om die gevaarlike/stormagtige toestande van die wind te beklemtoon. *(Of soortgelyk)* (1)

(b) onheil / gevaar / angs *(Of soortgelyk)* (1)

9.1.6 D / gehoor (1)

9.1.7 (a) B / Kontras (1)

(b) C / Personifikasie (1)

(c) D / Alliterasie (1)

9.1.8 Ja, ek voel jammer vir haar, want sy het haar kinders verloor.

**OF**

Nee, ek weet nie hoe dit voel om kinders te verloor nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.1.9 Nee, ek het geleer hoe gevaarlik die see vir vissermanne is.
(*Of soortgelyk*) (1)

**EN**

## 9.2 EKSAMENLOKAAL – SUZAAN LAING

9.2.1
- Daar is geen vaste rymskema nie.
- Die strofes is nie ewe lank nie.
- Die versreëls is nie ewe lank nie.
- Daar is heelwat enjambemente/ min leestekens in die gedig.
- Daar is baie alliterasie en assonansie wat die gedig tot 'n eenheid bind.

(*Enige TWEE)* (2)

9.2.2 (Klik) Hard en tjoepstil / op en af
*(Enige EEN)* (1)

9.2.3 Die leerders is by die skool/ in 'n eksamenlokaal/ in 'n klaskamer.
*(Of soortgelyk)* (1)

9.2.4 (a) "tjoepstil banke" (1)

(b) Die digter verduidelik hoe stil die kinders (tydens die eksamen) is. (1)

9.2.5 Die leerders wat bladsye omblaai. / Die onderwyser wat op en af stap. / Die horlosie se geluid.
*(Enige EEN)* (1)

9.2.6 Hande bewe (1)

9.2.7 C / gespanne (1)

9.2.8 Nee, hulle het die vorige dag eers begin studeer.

**OF**

Nee, hulle voel senuweeagtig (hande bewe).

**OF**

Nee, hulle los 'n deurmekaarspul op hul antwoordstelle (warboel).
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.2.9 (a) boerdery (1)

(b) "oes"/ "ryp"
*(Enige EEN)* (1)

9.2.10 (a) Die spreker maak van alleenplasing gebruik /die versreël staan alleen.

**OF**

Die horlosie word gepersonifiseer as iemand wat die tyd aftel.
*(Enige EEN o*f soortgelyk) (1)

(b) Twee ure (1)

9.2.11 C / die inhoud van die vraestelle te beskryf. (1)

9.2.12 Ja, ek is ook met eksamen besig.

**OF**

Nee, ek voel nooit senuweeagtig nie. / Ek berei vroegtydig voor vir die eksamen.
*(Enige EEN o*f soortgelyk) (1)

9.2.13 Begin vroeg te studeer./ Stel ’n studierooster op./ Moenie stres nie, alles sal uitwerk.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou